basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE ASSESSERING
VOORBEELD VRAESTEL
2023

GRAAD 9

Vak: Skeppende Kunste

Paper: Visuele Kunste

Punte: 50

Tyd: 60 minute

15 minute leestyd **uitgesluit**

VOORBEELD VRAESTEL

Hierdie toets bestaan uit 16 bladsye uitgesluit die voorblad.

Instruksies aan die leerder

1. Jy sal 15 minute leestyd kry voor jy begin om die toets te beantwoord.
2. Lees jou vrae sorgvuldig voor jy beantwoord.
3. Beantwoord al die vrae.
4. Gebruik die voorsiende antwoordblad om jou antwoorde in te skryf.

Die toets begin op die volgende bladsy.

VOORBEELDTOETSTEL

Moenie omblaai voor jy aangesê word om dit te doen.

AFDELING A

Vraag 1

1.1 Baie modern huise word versier deur verskillende tipes porselein-/keramiekteëls op die vloer en mure te plaas. Die teels maak die huise mooi, blink en maklik om skoon te maak

Wat noem ons ‘n person wat keramiek- en porseleinteëls maak?

A pottebakker
B keramiekkunstenaar
C argitek
D grafiese ontwerper (1)

1.2 Wat noem ons ‘n person verantwoordelik vir die ontwikkeling van illustrasies, logos en ander ontwerpe deur die gebruik van sagteware of per hand?

A mode-ontwerper
B teksielontwerper
C produksie-ontwerper
D grafiese-ontwerper (1)

1.3 Wie gebruik gewoonlik spuitverf om hul ‘stukke’ teen mure te skep?

A krappers/‘scratchers’
B skribbelaar/ “scribblers”
C ‘graffito’
D graffiti kunstenaar (1)

VOORGESTEL VRAESTEL

1.4 Aanbieders en karakters op televisie lyk verskillend van hoe hulle gewoonlik in die alledaagse lewe lyk.
Wat noem ons ‘n person wat die werk doen om hul voorkoms te verander?

A gesigskilder
B musiekkunstenaar
C grimeerkunstenaar
D gesigmasker (1)

1.5 Voor die fisiese konstruksie van ‘n gebou, word dit beplan, ontwerp en hersien.
Watter loopbaan is relevant vir die konstruksieproses van geboue?

A beeldhou
B argitektuur
C grafiese-ontwerp
D interieurontwerp (1)

1.6 Precious het haar matriek voltooi en sy het aansoek gedoen om mode-ontwerp te gaan studeer.
Wat kan die rede wees vir haar loopbaan keuse?

A Sy het ‘n passie of belangstelling om ontwerp, estetika, konstruksie en natuurlike skoonheid op klere en bykomstighede toe te pas.
B Sy het ‘n belangstelling om visuele konsepte te skep om idees wat verbruikers sal inlig te kommunikeer.
C Sy het ‘n belangstelling om binnehuise ruimtes te verfraai deur dekoratiewe items en ruimte oorwegings te bepaal.
D Sy ‘n belangstelling in kuns en tegnieke van ontwerp en bou.

(1)

1.7 Watter ontwerpbeginsels moet oorweeg word wanneer ‘n logo geskep word?

A lyn, toonwaarde, tekstuur en klem
B kontras, ritme, balans en proporsie
C fatsoen, harmonie, balans en klem
D kontras, balans, tekstuur en fatsoen (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.8 Wat is ‘populêre kultuur’?

A Dit sluit mense se kleredrag in sonder om geïnspireer te word deur visuele beelde en idees, versal in die samelewing.
B Dit behels in kulturele aktiwiteite, produkte, visuele beelde en idees omhels deur die breëer publiek spesifiek soos gesien in massa media.
C Dit sluit slegs kulturele aktiwiteite en sosiale media in.
D Dit sluit kos, mode, musiek met die uitsluiting van idees, visuele beelde en gedrag in. (1)

1.9 Hoe sal jy voorstel ‘n CD-omslag moet lyk om ‘n jong, opkomende musiekkunstenaar te bemark?

A ‘n kleurvolle CD-omslag sonder prente met die titel van die lied en naam van die kunstenaar
B ‘n kleurvolle CD-omslag met treffende prente en die naam van kunstenaar en die titel in gewone letterwerk
C ‘n kleurvolle CD-omhulsel met die titel geskryf in gewone letters
D ‘n kleurvolle CD-omhulsel met die naam van die kunstenaar, treffende prente en ‘n duidelike,sterk titel van die lied (1)

1.10 Mense dra juweliersware vir verskeie redes.
Wat sal die mees toepaslike rede vans die lys hieronder wees?

A Juweliersware is slegs gedra deur die meeste mans en vrouens deur die jare as ‘n simbool van ‘n spesifieke godsdiens.
B Juweliersware is gedra deur die meeste mans en ‘n paar vrouens as ‘n simbool van populêre kultuur.
C Juweliersware is duisende jare deur beide mans en vrouens in die meeste kulture en godsdienste van die wêreld gedra as ‘n simbool van status, rykdom, adel, rang, godsdiens, beroep en baie ander redes.
D Juweliersware is deur baie ryk mans en vrouens in die meeste kulture en streke van die wêreld gedra. Dit was ‘n simbool rykdom (1)

VOORBEELD VRA-STEL

1.11 Lettervorming kan as ‘n oorkoepelende term gesien word vir die kuns van letters teken, eerder as om dit vir skryf te gebruik. Lettervorming kan ook as ‘n kunsvorm beskou word waar elke letter in ‘n frase of aanhaling ‘n illustrasie is. Elke letter is geskep met spesiale aandag aan die detail en het ‘n unieke rol in die komposisie.

Van die moontlikhede, watter een is die beste bevestiging van bostaande segment?

A Letterwerk kan soms gebruik word om inligting en waardes te gee.
B Letterwerk word gebruik om inligting aan sekere individue te gee.
C Letterwerk word gebruik om sedes, waardes, inligting oor te dra en kan kreatief gebruik word om almal se aandag te trek.
D Letterwerk word soms gebruik vitr inligting en nie vir kreatiewe doelstellings nie. (1)

1.12 Waarna verwys simmetriese balans?

A Die elemente aan die een kant van ‘n ontwerp is soortgelyk aan die aan die ander kant.
B Besinning oor die elemente in ‘n ontwerp.
C Die elemente aan die een kant van die ontwerp is verskillend van die aan die ander ontwerpkant.
D Tegnieke gebruik om ‘n fokuspunt te skep of aandag te trek na ‘n spesifieke deel in die stuk. (1)

1.13 Wat noem ons ‘n person wat ‘n buiksprekerpop manipuleer en dit laat lyk asof die marionet praat?

A poppespeler
B manipuleerder
C stokmarionet
D buikspreker (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.14 Wat verstaan jy onder die term ‘Plaaslike kultuur’?

A die stel gedrag, oortuigings en gebruike wat binne ‘n land bestaan
B die stel gedrag, oortuigings en gebruike wat binne ‘n land en in die buiteland
C dit is die lewe van die wêreld in die vorm van houdings, waardes, tradisies en gebruike wat oor tyd gevorm is.
D houdings, waardes, tradisies en gebruike beoefen op die aarde (1)

1.15 Watter ontwerpbeginsels kan in kunswerke gebruik word?

A kontras, waarde, fatsoen en postuur
B lyn, kleur, toonwaardes en patroon
C balans, harmonie, proporsie en verskeidenheid
D ritme, toonhoogte, klem en tekstuur (1)

1.16 Wat is jou begrip van die Franse term *frottage* in Visuele Kunste?

A vryf tekstuureffekte of beelde uit van ongelyke oppervlaktes met kryt, houtskool of potlood
B vryf tekstuureffekte of beelde af van ongelyke oppervlaktes met slegs ‘n kryt of poeierverf om beelde uit te bring
C vryf tekstuureffekte en beelde af van gelyke oppervlaktes met slegs ‘n potlood en inkpen
D ryf tekstuureffekte of beelde af van beide gelyke en ongelyke oppervlaktes met kryt, houtskool en potlode (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.17

Beeld	Beeld B	Beeld C
[Bron: http://lordsguidance.com /blogs/christiansymbols]	 [Bron: http://za.pinterest.com/pin/392798741]	[Bron: https://englishan.com/wp-conent/upolads 2002/03/Traffic-Road-Sings- --768×402.png]

Watter inligting kan jy verkry van Beeld A, Beeld B and Beeld C?

A Beeld ATwee sondaars, Beeld B 'n klere-etiket en Beeld C gesondheidsorg tekens

B Beeld A Jesus, Beeld B sosiale media en Beeld C verkeerstekens.

C Beeld A die stralekrans, Beeld B drankies en Beeld C verkeerstekens.

D Beeld A Christelike geloof, Beeld B kommersiële logo's en Beeld C verkeerstekens. (1)

1.18

[Bron:http://www.kentuckytourism.com/mcdonald's/food-drinks]

Macdonald's is 'n voedselhandelsmerk wat die algemene massas herken en waardeer.

Watter kultuur verteenwoordig die handelsmerk?

A plaaslike kultuur

B provinsiale kultuur

C globale kultuur

D Suid-Afrikaanse kultuur (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.19 Wat is die relevante verduideliking vir die woord ‘oorheersing/dominansie’ kuns?

A slegs lyne met die grootste visuele gewig in 2-D kunswerke
B elemente met die grootste visuele gewig in enige kunswerk
C harmonie as die element wat visuele fokuspunte in ‘n 3-D kunswerk het
D alle ontwerpsbeginsels en visuele kunste elemente wat gebruik word om enige kunswerk te skep (1)

1.20 Wat noem ons die vermoë om die skrywer se inligting in jou eie woorde te skryf maar om dieselde boodskap oor te dra?

A konseptualisering
B parafrasering
C verklaring herwinning
D aanhaal (1)

1.21 Watter **TWEE** primêre kleure is gemeng om ‘n groen kleur te kry?

A pers en oranje
B pers en geel
C blou en geel
D oranje en blou (1)

1.22 Wanneer jy ‘n tint (wit) of ‘n skadu (swart) by ‘n oorspronklike of primêre kleur in klein hoeveelhede voeg,is die resultaat verskillende skakerings van die kleur. Wat words die kleure genoem?

A monochromatiese kleure
B komplimentêre kleure
C sekondêre kleure
D tertiëre kleure (1)

VOORBEELD VRAE

1.23 Herwinbare materiale is ou materiale wat gebruik kan word om nuwe material te maak.

Hoekom is dit belangrik om materiaal te herwin?

A verwyder vullis, spaar produksie en energie kostes, verminder die negatiewe impak op die omgewing

B vermeerder vullis, verbetes produksie en energie kostes en het ‘n positiewe impak op die omgewing

C vermeerder vullis en verminder produksie van energie en vermeerder positiewe impak op die omgewing

D verwyder verbetes produksie en verminder positiewe impak op die omgewing (1)

1.24 Die onderwyser het die leerders oor kleurvermenging geleer. Sy het hulle versoek om oor tinte navorsing te doen. Hierdie leerders het ‘n skilder genader om duidelikheid te kry oor wat tinte is en hoe hulle geskep word.

Hoe sou jy tinte aan die leerders verduidelik het?

A Tinte word geskep wanneer ‘n kunstenaar ‘n kleur by wit voeg om ‘n lighter weergawe van die kleur te skep.

B Tinte word geskep wannneer ‘n kunstenaar kleur by swart voeg om ‘n ligter weergawe te skep.

C Tinte word geskep wannneer ‘n kunstenaar beide swart en wit byvoeg om ‘n ligter weergawe te skep.

D Tinte word geskep wanneer ‘n kunstenaar ‘n kleur van die oorspronklike kleur verminder om of die donkerder of ligter weergawe van die kleur te skep. (1)

1.25 Watter van die volgende konsepte is ‘n ander word vir ‘middel van belangstelling’?

A perspektief

B punt van belang

C klem

D fokuspunt (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.26 Pen en ink kunstegnieke vorm deel van nat en droeë tekenmedia.
Watter opsies is relevant vir bostaande stelling?

A arsering, kruiskontoer en kruisarsering
B willekeurige lyne, stippeling en arsering
C stippeling, arsering en kruisarsering
D arsering, stippeling en ink 'wash' (1)

1.27 Lyne is belangrike in die taal van kuns. Hulle lei die oë rond in die komposisie en kan inligting deur hul karakter en rigting kommunikeer.
Watter effekte het lyne?

A Vertikale lyne kan sekere objekte korter laat lyk.
B Vertikale lyne op muurpapier kan lae plafonne hoër laat lyk.
C Horisontale lyne wys nie patroon, ritme en harmonie nie.
D Diagonale lyne wys nie instabiliteit, spanning, aktiwiteit en opwinding nie. (1)

1.28 Gundi en Mazwi is buiksprekerpoppe op YoTV op kanaal SABC 1. Hulle vertel gewoonlik grappe,maar soms gesels hulle oor belangrike sake in ons alledaagse lewens.
Wat is die doel van buiksprekerpoppe soos Gundi and Mazwi?

A om op te voed, kinders te intimideer en vermaak
B om op te voed, verkeerde inligting te gee en te vermaak
C om te disoriënteer, amuseer en vermaak
D om op te voed, in te lig en te vermaak (1)

VOORBEELDVRAESTEL

1.29 Monumente herinner ons aan ons erfenis. Hulle is soos ‘n skatkis vir ‘n nasie en simbool van trots in hul beskawing. Hulle help ons om ons verlede en vlak van ontwikkeling, kennis en denke te waardeer.
Waarna verwys die word monument?

A ‘n portret van iemand belangrik
B ‘n gebou wat kunswerke bewaar
C ‘n standbeeld, gebou of struktuur geskep om iemand te vereer
D ‘n kunswerk van iemand anders se gesig (1)

1.30 Wat is die rol van die kunstenaar as ‘n waarnemer tot die samelewing?

A om die wêreld te wys deur hul oë as waarnemer
B om diere, plante, berge, riviere en mense waar te neem
C om gesondheidskwessies, dwelmmisbruik, tiener swangerskappe waar te neem
D om kunswerke te skep wat bydrae tot die skoonheid van ons omgewing (1)

1.31 Mark weef mandjies vir ‘n bestaan wat hy dan voorsien aan plaaslike winkels. Soms verkoop hy sy produkte aan individue in die samelewing.
Wat is Mark se rol in die samelewing?

A waarnemer
B bydraer
C kommentator
D verspreider (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.32 Kunstenaars speel verskillende rolle in die samelewing vir verskillende doeleindes. Wanner ‘n buikspreker buiksprekerpoppe skep en ‘n storielyn ontwikkel gebaseer op die huidige uitbreek van masels, sal hy/say praat oor die simptone en behandeling van masels.

Watter rol speel die buikspreker in die samelewing?

A sosiale kommentator
B sosial woordvoerder
C waarnemer
D buikspreker (1)

1.33 Verwys na Figuur 1 en Figuur 2 hieronder

Vergelyk die **TWEE** kunswerke ten opsigte van ooreenkomste en verskille.Verwys na die kunselemente en beginsels van ontwerp.

Figuur 1 Edvard Munch, ***The scream 1893***	Figuur 2: Andrew Wyeth, ***Christina’s World, 1948***
[bron: https://images.app.goo.gl/UzFRJG6Q7iGiyFsN]	[bron: upload.wikimedia.org/wikipedia/tr/thumb/a/a2/Chri..]

1.33.1 Ooreenkomste

A figuur 1 en 2 teksture en lyne is dieselfde
B figuur 1 en 2 het dieselfde vorms, toonwaardes, lyne en teksture.
C figuur1 en 2 het dieselfde asimmetriese fatsoen.
D figuur 1 en 2 het dieselfde horisontale statiese lyne. (1)

VOORBEELDVRAESTEL

1.33.2 Verskille

A Beide Figuur1 en Figuur 2 beeld sterk emosies uit in verskillende omgewings.
B ‘n nou paadjie in Figuur 2 en ‘n wye brug in Figuur 1
C verskillende genietinge uitgebeeld in Figuur 1 en Figuur 2
D Figuur 1 en Figuur 2 het soortgelyke skilderstyle. (1)

1.34 Hierdie kunswerk het verskillende elemente. Watter elemente is nie deel van die kunswerk nie?

A lyn
B kleur
C toonwaarde
D fatsoen (1)

1.35 As graad 9 leerders is julle besig met ‘n praktiese taak wat vereis dat skerp gereedskaap gebruik word. Terwyl julle besig is word een van die leerders deur ‘n naald geprik.
Watter stappe kan die onderwyser in die toekoms neem om sulke voorvalle te vermy?

A deur messe skool toe te bring
B deur leerders te voorsien van koppies vol roomys-stokkies, strooitjies en plastiekmesse.
C deur leerders te voorsien van naalde vir naaldwerk.
D deur leerders van gebreekte bottels te voorsien. (1)

1.36 ‘n Drie-dimensionele (3-D) vorm model het hoogte, wydte en dikte en is geskep deur modelleringstegnieke.
Wat is die modelleringstegnieke wat gebruik kan word?

A toedraai, vasbind, bind, sny, plak, stik en krap
B vorm, uitvoer en inkleur
C klem, kontrasterend, balanserend en gebuig
D arsering, kruiskontoer en kruisarsering (1)

VOORBEELD VRAESTEL

1.37 Hoekom is skere kunstenaars komediante genoem?

A Hulle vermaak mense deur hulle by amusante situasies te betrek.
B Hulle betrek die gehoor deur hul uit te lok.
C Hulle vermaak ‘n gehoor deur hulle te laat lag vir grappe of amusante situasies.
D Hulle kan voor almal staan en hulle laat lag. (1)

1.38 Hoekom is kunshandvlyt-vakmanskap belangrik?

A Dit skep elegante, versorgte en hoë kwaliteit kunsprodukte.
B Dit skep produkte van lae gehalte waar detail saakmaak.
C Dit skep ‘n goed gedetailleerde produk waar kwaliteit benadeel word.
D Dit skep ‘n onvoltooide produk met passie. (1)

1.39 Wat is ‘n spotprenttekenaar?

A ‘n visuele kunstenaar wat net ‘n talent het vir manipulering van spotprente.
B ‘n visuele kunstenaar wat spesialiseer in beide teken en skryf van spotprente..
C ‘n kunstenaar wat nie strokiesprente kan skryf nie maar spotprente kan maniipuleer.
D enige kunstenaar wat spotprente gebruik. (1)

[40]

VOORBEELD VRAESTEL

AFDELING B

Vraag2

Lees die volgende uittreksel uit Gerard Sekoto se biografie en beantwoord die volgende vrae;

Die tradisie van swart kunstenaars in Suid-Afrika is tot onlangs afgeskeep. In die afgelope tien jaar het 'n nuwe kunsgeskiedenis egter ontwikkel uit 'n groeiende bewustheid van die weglating van die verlede. Aan die voorpunt van hierdie herbeoordeling is die werk van Gerard Sekoto.

Hy was gebore op 09 Desember 1913 te Botshabelo, 'n Duitse Lutherse Sendingstasie in Oos-Transvaal, toe Bophuthatswana. Toe hy vyf jaar oud was, is sy pa deur die Lutherse kerk na hul sendingskool op die plaas Wonderhoek in Middelburg-distrik verplaas. Hy het die meeste van sy vormingsjare daar deurgebring. Sekoto het vir die res van sy lewe die herinneringe aan sy plattelandse kinderjare gekoester, en baie van sy briewe wy uit oor die ervarings van sy jeug en vroeë gesinslewe. Die liefde en sekuriteit wat hy as kind betoon is, was 'n bron van vertroosting en krag tydens die moeilike tyd van sy ballingskap.

Hy het vroeg begin teken, maar het nie toegang tot kleurpotlode gehad voordat hy 'n tiener was nie. Die inleiding tot kleur het sy werk gerevolusioneer. Tydperke van verblyf in Sophia Town, Johannesburg, Distrik Ses, Kaapstad en Eastwood Pretoria het lewendige en kragtige stukke opgelewer wat beide die kleurryke kulturele aktiwiteit en spanning van die townships oproep. Die skilderye uit hierdie tyd is historiese rekords van 'n nou uitgestorwe manier van lewe. Al drie gebiede is in die vyftiger- en sestigerjare plat gestoot. In 1947 het Sekoto 'n betekenisvolle besluit geneem om sy geboorteland te verlaat en na Parys te reis soos baie vrywillige en onwillekeurige ballinge. Hy sou nooit na Suid-Afrika terugkeer nie. Frankryk het nuwe inspirasie gebring en Sekoto het baie onderwerpe herwerk en verskillende temas ondersoek, almal gekenmerk deur 'n diep gevoel van menslikheid.

Teen die einde van sy lewe het Sekoto se kuns toenemend erkenning gekry hoofsaaklik deur die baanbrekerswerk van Barbara Lindop. Haar navorsing het baie van sy skilderye herlewe wat vermoedelik verlore gegaan het, en deur haar korrespondensie met Sekoto kon sy besonderhede van sy lewe voor sy dood in 1993 bevestig. In hierdie boek stel Lindop die buitengewone lewensverhaal van Gereard Sekoto bekend met volkleur afdrukke van sy mees kragtige, ontroerende kunswerke.

[Bron https://www.art.co.za/gerardsekoto/about.php]

2.1 Hoe oud was Sekoto toe sy pa deur die Lutherse Kerk na hul sendingskool verplaas is? (1)

2.2 Wat is die naam van die plek waarheen hy oorsee verhuis het? (1)

2.3 Gee **EEN** rede waarom Sekoto se kuns toenemend erkenning gekry het teen die einde van sy lewe. (1)

2.4 Dink jy dit was 'n wyse besluit vir Sekoto om oorsee te verhuis? Staaf jou antwoord. (1)

2.5 Waaroor het die meeste van Sekoto se briewe gehandel? (1)

2.6 Gerard Sekoto het soos baie ander kinders groot geword met drome, maar hy kon dit nie tot volle verwesentlik nie.
Noem **EEN** rede waarom hy nie kleur in sy kuns in tot sy tienerjare kon gebruik nie? (1)

2.7 Bespreek hoe Gerard Sekoto se lewensverhaal bekend is, selfs lank na sy dood? (1)

2.8 Hoekom dink jy is die tradisie van swart kunstenaars in Suid-Afrika afgeskeep? (1)

2.9 Die liefde en sekuriteit wat hy as 'n kind ontvang het was 'n bron van vertroosting en krag tydens die moeilike tye in ballingskap.
Wat sou gebeur het as Sekoto nie liefde en sekuriteit ontvang het nie? (1)

2.10 Hoe sal jy die 'betenisvolle besluit'' wat hy gemaak het om sy geboorteland te verlaat verduidelik? (1)

[10]

[50]

Einde van toets

VOORBEELD VRAESTEL

VOORBEELD VRAESTEL